

Maandag 12 Oktober

Skrifgedeelte: Sefanja 1:7-13

Fokusgedeelte: Sefanja 1:7

Die Here sien die sonde; en Hy eis 'n offer daarvoor

In Sefanja 1: 4-6 is daar gefokus op die godsdienstige wanpraktyke van die volk. In vers 7-13 sien ons hoe Juda se ongehoorsaamheid ook in die alledaagse lewe uitspeel. Die Here gaan almal straf wat uitheemse klere dra; almal wat hulle skuldig gemaak het aan die heidense gebruike van naburige volke, elkeen wat aangepas het by die wêreld om hulle en in die proses aan God ongehoorsaam was (vs 8). Hy gaan elkeen straf wat skuldig is aan bygeloof en allerlei gebruike het om die lot in hulle guns te draai (lees 1 Sam. 4:3; 5:5) en selfs bereid is om ander in te doen ter wille van eie gewin (vs 9). Die Here gaan elkeen uitsnuffel wat dink God het nie 'n saak met hoe hulle lewe nie; diegene wat selftevrede in hulle sonde volhard en dink God sal daaraan niks doen nie (vs 12).

Lank het die volk tyd gehad om reg te maak, maar nou moet die volk liever stilbly, want die tyd het uitgeloop en God gaan rekenskap eis. Hy is besig om 'n offer voor te berei as betaling vir die skuld en Hy is besig om die gaste te heilig om daarin te deel – en die ergste van alles is dat die volk self die offer is! Wanneer die dag van die Here aanbreek, gaan Hy Juda in die hande van hulle vyande (die gaste) oorgee en dié gaan hulle verslind as straf op hulle sonde. “Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val” (Heb. 10:31).

Watter genade is dit dan nie dat ons Here Jesus Homself as offer in ons plek gegee het nie, want aan hierdie selfde oortredings is ons baie maal skuldig! Watter liefde is dit nie dat Hy namens ons toorn van God teen ons sonde gedra het nie? En watter verskriklike uiteinde wag daar nie vir elkeen wat hierdie genade van die hand sou wys nie?

Sing: Psalm 51-1:1, 3

Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)